

DIAAN LAWRENSON

ANRICH HERBST

DEON LOTZ

JUNE VAN MERCH

NEELS CLASEN

VRAE IS DAAR BAIE... ANTWOORDE MIN

# RAAISELKIND

IN TEATERS 16 FEBRUARIE 2018

SALLY CAMPHER en KYKNET FILMS PRESENTEREN ANNELIE BOTES se "RAAISELKIND" met DIAAN LAWRENSON, JUNE VAN MERCH, DEON LOTZ, ANRICH HERBST, RIKKA SENNETT, NEELS CLASEN, EDHIEW ERASMUS, FELIP THERON, ANTON DEKKER, HELENE TROGER, KEVIN SMITH, CAMIET PIETSEN, LOUIS MINNAAR, GEDWYN JOEL, ELANI DEKKER, AMORY & LEANDRY SMITH en IAN ROELOFS se "ALEXANDER"  
MUSIEK: QUINN LUBBE  
REDAKTOER: ALLI HEYNS  
SKEPTEUR: C.A. VAN ASWEGEN  
REKISSEUR: AMEETA HEWING  
KOSTUMEUR: LIJZE VOSLOO, PIETER ESTERHUIZEN  
WITTELKAMER: JACQUES DE VRIES  
JAN DU PLESSIS, KAREN MEHRING, ANNEKE VILLET en KATE ANN WILLIAMS  
VIRKSMIDDELE: SALLY CAMPHER  
REKISSEUR: ANDRE VELTS



## PRODUKSIENOTAS

Sally Campher bied aan, in samewerking met kykNET Films,  
Annelie Botes se

## ***RAAISELKIND***

Regie deur  
ANDRÉ VELTS

Rolverdeling  
DIAAN LAWRENSON  
JUNE VAN MERCH  
DEON LOTZ  
ANRICH HERBST  
EDRIEN ERASMUS  
IAN ROELOFS

Draaiboek  
LIZÉ VOSLOO  
PIETER ESTERHUIZEN

Oorspronklike Musiek  
QUINN LUBBE

Redigeerder  
C.A. VAN ASWEGEN

Uitvoerende Vervaardigers  
JAN DU PLESSIS  
KAREN MEIRING  
ANNEKE VILLET

KAYE ANN WILLIAMS

Vervaardiger

SALLY CAMPHER

## SINOPSIS

---

Nadat hulle vir vier jaar lank hulle seun Alexander van die een dokter na die ander geneem het om te probeer vasstel wat hom makeer, diagnoseer 'n spesialis hom uiteindelik as outisties. Die verligting om 'n naam te gee aan die rede waarom hulle seun so anders en moeilik is, maak egter gou plek vir wanhoop as hulle beseft dat bittermin gedoen kan word om sy toestand te verbeter.

*Raaiselkind* verken die nimmereindigende las wat outisme op 'n gemiddelde, liefdevolle gesin plaas en wys hoe die gesin as gevolg daarvan begin verbrokkel. Dit bring die onvermydelike waarheid tuis dat die samelewing op 'n onmenslike manier onverskillig staan teenoor enigiets wat hulle as abnormaal beskou.

## LOGLYN

'n Negejarige outistiese seun word dood aangetref. Sy ma, Ingrid, wat hom sy lewe lank versorg het en baie lief vir hom was, word van moord verdink.

## VERTELLING

Ingrid word na die dood van haar outistiese seun, Alexander, ondervra omdat sy van sy moord verdink word. In die vertelling word Ingrid se ondervraging afgewissel met haar herinneringe van die afgelope moeilike nege jare.

Ingrid en Dawid Dörfling, kleindorpie-plattelanders, se derde laatlamkind en eerste seun, Alexander, word gebore toe hulle twee dogters byna tieners was. Die vreugde waarmee die gesin Alexander verwelkom, verander gou in verwarring, frustrasie en uiteindelik woede.

Ingrid soek vrou-alleen na 'n diagnose vir haar seuntjie wat aanhoudend huil en toenemend destruktief raak. Boonop kry sy min ondersteuning van haar man, wat hom van haar onttrek en in alkohol vertroosting soek. Haar vriendskapskring word al hoe kleiner en haar kerk staan onverskillig teenoor haar en haar probleme met Alex.

Ingrid se enigste bron van ondersteuning is haar huiswerker, Miriam. Sy is ook die enigste mens by wie Alexander aanklank vind – en die enigste naam wat hy soms uitspreek, is “Mimi”. Miriam verstaan Alexander se behoeftes instinktief en laat hom toe om sy sin te kry sodat hy nie moeilik raak nie en kalmer in haar teenwoordigheid sal wees. Sy neem hom selfs saam met haar kerk toe waar die bruin gemeenskap hom met ope arms ontvang.

Alexander se erge outisme, gekombineer met 'n gebrek aan gestruktureerde onderrig, maak van hom 'n moeilike, onhanteerbare seuntjie. En soms voel dit vir Ingrid of haar hart gaan breek as sy met oorgawe vir hom lief is maar hy nie in staat is om op haar liefde te reageer nie.

Nadat sy Alexander vir nege jaar versorg het ten koste van haar emosionele, sosiale en finansiële gesondheid, is die kans seker groot dat die las vir haar te swaar geraak het en dat sy hom vermoor het.

## REGISSEUR SE SIENING

---

*Raaiselkind* is 'n sensasionele storie wat die loodswaar kruis wat outisme op 'n gesin plaas, ondersoek. In hierdie onrusbarende storie word die tragedie van outisme en sy vernietigende gevolge op 'n gesin aan die kaak gestel. Die verhaal word op 'n pynlik eerlike manier vertel en bring die onvermydelike waarheid tuis: die samelewing staan op 'n wrede manier onverskillig teenoor enigiets of iemand wat as abnormaal beskou word.

Die primêre temas van *Raaiselkind* is die gesin, verwerping deur die gemeenskap, vriendskapsbande en outisme. Die rolprent fokus op al hierdie temas wat in noue verwantskap met mekaar staan en na die geboorte van die seuntjie, Alex met Outisme, op die voorgrond tree. Die kyker ontdek saam die gesin die werklikheid van wat outisme regtig is en met behulp van sekere tonele begin ons as toeskouers begrip ontwikkel vir die volle betekenis van die konsepte "familie" en "vriende".

Ek hoop dat die rolprent 'n emosionele ervaring vir die kykers sal wees en hulle op 'n manier sal opvoed en help om 'n taal te skep wat kan beskryf wat dit beteken om "outisties" te wees.

Die aktrise, Diaan Lawrence, het nou saam met my gewerk om deur middel van intense fotografiese skote die onderliggende gevoel van intimiteit en bekendheid te skep wat die stryd van 'n gesin wat met outisme gekonfronteer word, uit te beeld.

Ek en die kinematograaf, Amelia Henning, het koppe bymekaar gesit om 'n onderskeid te tref tussen 'n losser estetika wat die hede uitbeeld, in teenstelling met beheerde kamerawerk wat die verlede uitbeeld. Die beperkings van hierdie benadering het baie uitgedagings aan ons gestel en ons gedwing om te fokus op maniere om subtiele veranderinge in die kamerabewegings, kamerahoeke en komposisies aan te bring wat die opbou van spanning verhoog, en die gehoor se dieper begrip van outisme weergee.

Die rolprent vra uiteindelik die volgende vrae: Wat sal jy in hierdie situasie doen? Het sy haar eie seun doodgemaak? Was dit 'n ongeluk?

Ons hoop dat hierdie rolprent die gehore op die punte van hulle stoele sal laat sit.

**Wat het jou gemotiveer om hierdie projek aan te pak?**

Daar is soveel ongeligtheid ten opsigte van onderwerpe soos outisme en ek glo dat hierdie storie daarin sal slaag om 'n bewustheid te skep van die probleme en benarde situasie van volwassenes en kinders wat deur outisme geraak word.

Deur stories te vertel, begin ons gesprekke en skep ons bewustheid, wat 'n stap in die regte rigting is om mense se houdings te verander teenoor mense op die spektrum.

**Wat was die uitdagendste aspekte om hierdie storie op die skerm te vertel?**

Die grootste uitdaging om enige goeie boek vir die skerm te verwerk, is om vas te stel watter inligting jy kan uitlaat – die verkorte storie moet egter steeds op die skerm werk. Jy moet ook getrou bly aan die kern (of hart) van die boek, al word die storie aangepas om op die skerm te werk.

**Beskryf die rolverdelingsproses.**

Die sleutel tot suksesvolle rolverdeling is om akteurs te kry wat reg aan die karakters sal geskied, maar ook 'n samehangende eenheid kan skep. In die geval van *Raaiselkind* wou ons eers akteurs vir die rolle van Ingrid en Alex vind, waarna die res van die akteurs gekies is om die emosionele struktuur rondom hierdie sleutelrolle, aan te vul.

**Diaan het reeds heelwat erkenning vir haar werk gekry. Waarom was sy 'n natuurlike keuse vir die rol van Ingrid?**

Dit is ontsettend belangrik dat die gehore met Ingrid sal identifiseer en empatie met haar sal hê. Diaan is 'n ervare aktrise en haar natuurlike warmte en pragmatiese geaardheid het haar die perfekte keuse gemaak om Ingrid te speel.

**Hoe was dit om met Ian te werk en beskryf die proses om hom vir sy moeilike rol voor te berei.**

Dit bly 'n uitdaging om met kinders te werk, maar Ian is 'n besondere skerp akteurjie. Dit is baie harde werk om die maniertjies en eienskappe van 'n persoon met outisme uit te beeld maar hy het opdragte soos 'n professionele akteur hanteer. Die proses wat ons met Ian gevolg het, was om toneel vir toneel te skiet en om in die oomblik te bly – en hom nie met te veel inligting te bombardeer nie. Ons het telkens net op een ding gefokus en as dit gewerk het, het ons klein aanpassings gemaak. Ons het ook 'n spesialis op stel gehad wat moes seker maak dat Ian outisme geloofwaardig uitbeeld.

**Beskryf die meganismes wat jy gebruik het om ons na Alexander se wêreld te verplaas.**

Ek hou baie daarvan om mense se sintuie in te span. Ek het eerstens aandag gegee aan die geluide wat Alex voortdurend maak – net genoeg om die gehoor te betrek. Daarna het ek skote van Alexander gebruik wat sonder ophou iets doen wat jou aandag aftrek, wat wys dat sy gedrag nie “normaal” is nie. In die derde plek het ek met die tassintuig geëksperimenteer – Alex laat sekere mense toe om aan hom te raak terwyl ander nie naby hom mag kom nie.

Die gebruik van handskote en gesigskote gee die kyker dieper insig in Alex se gedagtes en laat ons toe om die wêreld deur sy oë te sien.

En ek het kleur gebruik om 'n gevoel van gevaar of van simpatie te ontlok.

**Vertel ons meer oor jou keuse van liggings.**

Die see het gewoonlik 'n kalmerende uitwerking op mense en laat hulle ontspan. Die see staan dus in skrilte kontras met die onstuimigheid van Ingrid se lewe. Die gesin se huis is in 'n idilliese omgewing langs 'n meer geleë en voor Alex se geboortewek dit 'n gevoel van geluk en kalmte by ons op.

Daar is ook die konstante naasmekaarstelling van die kalm see en die drama rondom Alex en Ingrid.

**Die klankontwerp is uitsonderlik. Vertel ons meer daarvan.**

Ek probeer altyd om 'n bepaalde tema vir elke karakter te skep, wat ek dan op 'n subtiele manier tydens die karakter se reis manipuleer.

Quinn Lubbe het presies geweet hoe om my idees te interpreteer en het pragtige musiek gekomponeer wat die subteks perfek na vore bring.

## MEER OOR DIE FILMMAKERS

---

### **SALLY CAMPHER (Vervaardiger)**

Sally Campher het haar BA-graad in drama aan die Universiteit van Pretoria behaal en toe 'n loopbaan as aktrise, stemoorklankingskunstenaar, grimeerkunstenaar en vervaardiger van rolprente, televisiereekse en teaterproduksies begin.

Sy word in 1984 met 'n Artes as Beste Aktrise vir haar titelrol in die televisiedrama, *Het van Verlangekraal* bekroon. Kort hierna word sy as skoonheidsredakteur vir die tydskrif, *Rooi Rose* aangestel, en later word sy hulle moderedakteur.

Hierna raap die tydskrif *DeKat* haar op en stel haar as hulle mode- en skoonheidsredakteur aan. Sy is ook die stilis van 'n bekende motormaatskappy se advertensieveldtogte.

Campher bring ook die verhoogstuk, *Can God Tapdance*, deur Jarvis Pennington, op die planke.

Haar rolprent- en televisiekrediete as vervaardiger sluit onder meer *Modemallemeule* (kykNET), *Die Prins en die Panelbeater* (kykNET-Silwerskermfees) en *Ompad* (kykNET-Silwerskermfees) in.

*Raaiselkind* is haar eerste vollengteprent as vervaardiger.

### **ANDRÉ VELTS (Regisseur)**

André Velts het homself uit die staanspoor as 'n vervaardiger, regisseur en akteur gevestig. Hy maak sy debuut as regisseur van 'n vollengteprent toe hy die regie van die romantiese komedie, *Knysna*, behartig. Sy ander krediete sluit *Die Pro* en *Jou Romeo* in.

As akteur vertolk Velts rolle in *Koringberg*, *Bloedbroers*, *Villa Rosa*, *Sterlopers*, *Generations*, *Donkerland*, *Lien se Langstaanskoene* en *7de Laan*.



## MEER OOR DIE ROLVERDELING

---

### **DIAAN LAWRENSON (Ingrid)**

Diaan Lawrenson het 'n bekende naam in Suid-Afrika geword nadat sy die geliefde karakter, Paula, in die sepie *7de Laan* gespeel het.

Haar rolprentkrediete sluit *Jou Romeo, Sink, Mooi Rivier* en *Semi-Soet* in.

### **NEELS CLASEN (Dawid)**

Neels Clasen het na die voltooiing van sy BA Drama-graad aan die Universiteit van Pretoria weggespring as verhoog-, televisie- en rolprentakteur.

Sy omvangryke werk in die teater sluit onder meer *Rock of Ages, Karel se Oupa, Annie*, verskeie rolle in *I Love You You're Perfect, Now Change, The Crucible, Reik na die Sterre, Annale van 'n Windgat, Mamma Mia, Danny Champion of the World, We will rock you, Boogie Nights, Fame, Joseph and his amazing Technicolor Dreamcoat* en *Boyband* in.

Neels was ook al in televisiereekse en rolprente te sien, soos *Black Sails, High Rollers, The Wrong Mans, My Father's War, Platteland* en *Slash*, en hy het ook *Cinemagic* op SABC2 aangebied.

Neels was vir die 2017 Ghoema-musiektoekennings se regie verantwoordelik en het 'n Naledi-toekenning vir die beste regie van 'n musiekblyspel (*Altyd in my Drome*) gewen.

### **JUNE VAN MERCH (Miriam)**

Met 'n loopbaan wat oor meer as 30 jaar strek, is June van Merch een van ons land se gewildste en besigste akteurs – op die verhoog, sowel as in televisiereekse en rolprente.

Sy speel ondermeer in die volgende rolprente en televisiereekse: *Treknet, Geraldina II, Blitzpatrollie, Montana, Going-Up I to IV, Fishy-Feshuns, Nothing for Mahala, Blitzpatrollie, SOS, Skilpoppe, Grondbaronne, Onder Engele* en *Allemands*.

June se teater-, kabaret- en pantomimekrediete is net so indrukwekkend: *Aladdin, Kanna, Doringrosie, Twelfth Night, Romeo & Juliet, Kinkels innie Kabel, Kap-An, Kanna hy ko hys toe, Fiela se Kind, Die Gangsters* en *Ko lat ons Sing*.

### **DEON LOTZ (Kolonel Herselman)**

Die internasionaal bekroonde akteur, Deon Lotz, is een van Suid-Afrika se beste akteurs wat naam in die teater- (*Wrestlers, Agterplaas*), radio-, televisie- en rolprentwêreld gemaak het.

Hy was op die televisie te siene in *When We Were Black, Madiba* (met Lawrence Fishburn), *Buurtweg, Liberty* (Deense televisiereeks) en *Book of Negroes* (met Cuba Gooding Junior).

Lotz word in 2011 vir sy rol in die veel bekroonde rolprent, *Skoonheid* as die Beste Akteur by die Zurich-Filmfees en as Beste Akteur deur SAFTA aangewys.

Hy was ook in *Sleepers Wake*, *Verraaiers*, *Faan se Trein* (beste ondersteunende akteur – Silwerskermfees), *Mandela: Long Walk to Freedom*, *Kite* (teenoor Samuel L. Jackson), *Hoe Soet is de Suiker*, *Shepherds and Butchers*, *Dis Koue Kos*, *Skat*, *'n Paw Paw vir my Darling*, *Krotoa* en *Hoender met die Rooi Skoene*.

### **ANRICH HERBST (Günter)**

Anrich Herbst is veral bekend vir sy rol as die tiener Wimpie van Tonder in die gewilde televisiereeks, *Orkney Snork Nie*. Nadat hy gematrikuleer het, sluit hy by die sepiespan van *Egoli: Plek van Goud* aan voordat hy die hoofrol in die reeks *Voete van Goud* losslaan. Hy speel ook in ander televisiereekse soos *Isidingo*, *Arsenaal*, *Die Vierde Kabinet*, *Plek van die Vleisvreters*, *Wild at Heart* en *Die Boekklub*.

Sy vollengterolprentkrediete sluit in: *Mandela: Long Walk to Freedom*, *Vrou Soek Boer*, *Angus Buchan's Ordinary People*, *Vaatjie Sien Sy Gat* en *Catch a Fire*.

Anrich vertolk ook die rol as Sam Carmichael in die Suid-Afrikaanse produksie van die treffermusiekspel, *Mama Mia* en is 'n knap stemkunstenaar.

### **IAN ROELOFS (Alexander)**

Ian Roelofs is sedert hy drie jaar oud was 'n akteur. Sy eerste optrede was in 2011 in 'n advertensie vir Vaseline en as die kind van 'n drama-onderwyseres spandeer Ian die meeste van sy middag in dramaklasse waar hy nie net 'n waarnemer is nie, maar ook met die rekwisiete help. In 2014 begin hy om die rol van Thinus in *7de Laan* te vertolk. Hy speel ook in die Silwerskerm-prent, *Vlees van my Vlees* en vertolk klein rolletjies in sitkoms soos *Elke Skewe Pot*, wat hom blootstelling aan verskillende genres gee.

## ROLVERDELING

Ingrid	DIAAN LAWRENSON
Dawid	NEELS CLASEN
Miriam	JUNE VAN MERCH
Kolonel Herselmann	DEON LOTZ
Günter	ANRICH HERBST
Baba Alexander	LEAH VELTHUYZEN
Alexander	IAN ROELOFS
Vroue-ondersoeker	EDRIEN ERASMUS
Konstabel	ELDON VAN DER MERWE
Jeremiah	GAMIET PETERSEN
Jong Teresa	LEANDRY SMITH
Ouer Teresa	AMORY SMITH
Jong Zettie	OLIVIA-ROSE ABRAHAMS
Ouer Zettie	ELANI DEKKER
Ds Nel	FLIP THERON
Ds De Bruin	CEDWYN JOEL
Ou Dokter	ANTON DEKKER
Oor-, Neus- en Keelspesialis	KEVIN SMITH
Rooi Kruisspesialis	RIKA SENNETT
Mari	HÉLÈNE TRUTER
Katrien	DANALIA CANDY BORMAN
Evert	HERCHELLE BANJAMIN
Bakkie-bestuurder	JODY ABRAHAMS

SPAN

Vervaardiger	SALLY CAMPHER
Regisseur	ANDRÉ VELTS
Storie	ANNELIE BOTES
Draaiboek	LIZÉ VOSLOO
Draaiboek	PIETER ESTERHUIZEN
Redigeerder	C.A. VAN ASWEGEN
Oorspronklike Musiek	QUINN LUBBE
Regisseur van Fotografie	AMELIA HENNING
Klankontwerp	ALLI HEYNS
Grimering en Hare	HESTER MAGSON
Kostuumontwerp	SONYA BESTER & HENDRIK LUBBE
Produksie-ontwerp	SEAN BREBNOR
Opvoedkundige Sielkundige	HANNELIE SPIES